## NIENAKOMING IN BRANDSTOFINDUSTRIE: KNOEIERY EN ONWETTIGE HANDEL

**Tshwane, 14 Junie 2025** - Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) hou vol met die uitoefening van sy mandaat om alle inkomste wat aan die fiskus verskuldig is in te vorder, regmatige handeldryf te fasiliteer en nakoming te verseker. Dit vind plaas te midde van 'n moeilike ekonomiese en operasionele omgewing wat deur vele uitdagings gekenmerk word, insluitend die onwettige ekonomie. SARS werk saam met ander wetstoepassende agentskappe om die kastyding van die onwettige ekonomie te bestry.

Die onwettige ekonomie is 'n wêreldwye fenomeen wat Suid-Afrika se samelewing, ekonomie en nasionale sekuriteit bedreig. Belastingontduiking, smokkelary, onwettige transaksies, onwettige vervaardiging, en bedrog ondermyn die regsreël, erodeer publieke vertroue, verwring markte, ontneem regerings van inkomste en maak bedrog en georganiseerde misdaad moontlik. Die vêrreikendheid van hierdie onwettige bedrywighede in ons land vereis dat alle wetstoepassende agentskappe saamwerk om hierdie nadelige praktyke stop te sit. Die onwettige ekonomie is ingewikkeld en vereis 'n hele-regering-benadering onder openbare entiteite, die privaat sektor, burgelike samelewing en internasionale vennote.

Die afgelope dekade, het lande in die Maputo-gang (Suid-Afrika, Swaziland en Mosambiek) hoofteikens van die onwettige brandstofbedryf geword wat deur georganiseerde misdaadnetwerke bestuur word wat brandstof onwettig meng en smokkel. SARS het bewerkstellig dat sommige invoerders brandstof van 40 000 liter of minder verklaar, terwyl dit met ondersoek onthul dat tot 60 000 liter eintlik ingevoer is. Dit word onderverklaring genoem en dokumente word vervals om hierdie bedrieglike bedrywigheid te bestendig. SARS het ook 'n landswye tendens bespeur waar menige brandstofberging- en verspreidingdepots betrokke is by die namaking van alle brandstofprodukte, veral deur onwettige vermenging van diesel met parafien. Brandstofknoeiery kos die fiskus nagenoeg R3.6 miljard per jaar volgends statistieke deur die internasionale handeladministrasiekommissie.

Met sulke goed-deurdenkte misdadigheid wat hulle in die gesig staar, werk regeringagentskappe nouer saam om brandstofknoeiery te bespeur, te voorkom en te bestry, en om die Wet op Doeane en Aksyns af te dwing. Die Nasionale Gesamentlike Operasionele en Intelligensiestruktuur (NATJOINTS) het die afgelope vier maande verskeie ingrypings uitgevoer.

Die intelligensie-gedrewe gesamentlike wetstoepassing-ingrypings het soek-en-beslagleggings-operasies ingesluit wat bepaalde brandstofbergingfasiliteite en -depots teiken, asook lukrake monsterneming uit vervoerwa's om die viskositeit en samestelling van die brandstof te toets. In sommige gevalle, het verdunde diesel wat deur hierdie ondersoeke getoets is tot 68% parafien in gehad.

'n Saamgestelde intelligensie-taakmag wat uit SARS- en SAPD-beamptes bestaan het, het 23 teikens in Gauteng, Mpumalanga en KwaZulu-Natal geïdentifiseer. Die span het die volgende in beslag geneem:

1. 953 515 liter gekontamineerde dieselbrandstof.
2. Ses brandstofdepots wat artikel 37 van die Wet op Doeane en Aksyns, nr. 91 van 1964, soos gewysig, oortree.
3. Bates en gekontamineerde brandstof ter waarde van R367 274 330, wat tot verdere ondersoek en kriminele- en siviele aanspreeklikhede lei.
4. Twee sogenaamde brandstof-"waskamers", waarvan een 'n skaars mobiele "waskamer" insluit wat op 'n vervoertrok geïnstalleer was en gebruik is om parafienmerkers te verwyder.
5. Twaalf brandstofvervoertrokke, met 'n gemiddeld van 15 000 liter brandstof per wa, wat geïdentifiseer is ná vermeende valsverklaring met invoer.

Boonop is 13 kriminele sake by SAPD geregistreer, deur SARS se handelondersoekers ondersteun, vir doeane- en aksynsoortredings en bedrog.

SARS waardeer die volgehoue operasionele ondersteuning ontvang van:

- NATJOINTS
- Suid-Afrikaanse Polisiediens se misdaadintelligensie, publieke orde polisiëring, digitale forensiese afdeling en speurdienste
- Staatsekuriteitagentskap
- Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag
- Munisipale nooddienste se brandweer- en verkeersdepartmente
- Departement van Bosbou, Visserye en die Omgewing
- Departement van Minerale Hulpbronne en Energie
- Nasionale Vervolgingsgesag
- Departement van Binnelandse Sake

SARS Kommissaris Edward Kieswetter het sy dank uitgespreek teenoor die SARS- en SAPD-spanne en ander regeringsdepartemente vir hul onvermoeide ywer om die kastyding van die onwettige ekonomie te bespeur, te bestry en te voorkom. Hy het gesê: "Die kriminele sindikate wat by hierdie skaamtelose gedrag betrokke is, is aangemoedig

om gewetenloos sonder bedwang op te tree om hul roofgierige en misdadige winste na te jaag". Kommissaris Kieswetter het uitgelig dat staatsagentskappe nou sal saamwerk, en binne die omvang van die wet, om onwettige handel aan te spreek. "Hierdie sindikate kan slegs tot hul eie nadeel ons voorneme onderskat om hierdie misdadigheid uit te roei. Hierdie optrede bedreig die fondasie van ons samelewing. Ons boodskap is duidelik: ons sal geen inspanning ontsien om hulle te vermorsel nie".

Vir meer inligting, kontak asseblief SARSMedia@sars.gov.za.